Dr. PJ (Pieta) Geyser

MB ChB (Stell) MMed (OetG) (Pret) FCOG (SA)

Ginekoloog & Verloskundige • Gynaecologist & Obstetrician

Kerkstraat 148
Rustenburg, 0299
Postnet Suite 83
Privaatsak X82329
RUSTENBURG, 0300

Pr. 1609815

Tel. (014) 594 0340
(014) 594 0341
Faks (014) 594 0342
Tel. (014) 592 7059 (H)
Sel. 083 457 4980

INGELIGTE TOESTEMMING EN VERSOEK VIR STERILISASIE

Ek,_____ versoek dat Dr. PJ Geyser en sy assistente en/of kollegas die volgende op my uitvoer *(omkring asb.):*

1. Afbind, deur middel van rekkies plaas oor die buise.
2. Gedeeltelike verwydering van die buise deur n insissie in my laer abdomen.

Diagnose en Prosedure: Die volgende is aan my verduidelik in algemene terme, en ek verstaan dat:

- Hierdie prosedure is **NIE** ontwerp om terug te draai nie, en dat ek opsetlik my vermoë om swanger te raak, opgee.

1. Laparoskopie Sterilisasie met Fallopianringe.
2. Sterilisasie tydens keisersnit. 3. Essure Sterilisasie

**Algemene Risiko`s van Chirurgie:** Met die uitvoering van die prosedure, is daar algemene risiko`s nl:

- Infeksie, Allergiese reaksie, Letsels, Bloedverlies, U kan die funksie van enige ledemaat, of orgaan verloor, Verlamming, Breinskade, Hartstilstand, of selfs Dood. Met inagneming van hierdie algemene Risiko`s, mag daar ander moontlike risiko`s wees, tydens die prosedure. Hierdie risiko`s of komplikasies kan die volgende insluit, maar is nie beperk tot sulke komplikasies soos:

- Versuim om steriel te raak, ek kan swanger raak in my uterus (baarmoeder) of n ektopiese swangerskap (in my buise) hê.
- Besering aan die ingewande, blaas, ureter of bloedvat by wyse van brande en/of gate, vorming van n fistel (wat n opening ontwikkel tussen die ingewande, blaas, ureter en die vagina en of vel) en benodig n tweede operasie om die fistel te herstel.
- Chirurgie – wat n Kolostomie of moontlike verwydering van die uterus, buise en/of ovaria mag vereis.
- Noodsaak vir n verkennende Laparotomie (die opening van die abdomen) om die Laparoskopie proses te voltooi, of enige beserings te herstel.
- Bloedverlies wat n bloedoortapping vereis, wat die risiko`s dra met blootstelling aan VIGS of die hepatitis virus.

Geen waarborg van sukses.

Prognose: Indien ek verkies om nie die bogenoemde prosedure te ondergaan nie, is my prognose (toekomstige mediese kondisie): Dat ek weer swanger kan raak.

Alternatiewe vorme van behandeling sluit in:

1. Diafragma
2. Geboortebeheer pille
3. Intrauteriene toestelle
4. Versperring metodes (bv. Kondome)
5. Ritmemetode
6. Onthouding
7. Vasektomie (Manlike Sterilisasie)

Hierdie alternatiewe is aan my verduidelik, en ek het die chirurgiese prosedure gekies, as metode van behandeling.

Ingeligte Toestemming: Ek verstaan en aanvaar dat gedurende die prosedure onverwagte en onvoorsiene toestande kan ontstaan, en dit nodig mag wees vir n verlenging van die prosedure, of om n ander prosedure (nie hierbo genoem nie) uit te voer. Ek versoek dat Dr. PJ Geyser en sy kollegas/assistente die addisionele prosedures mag uitvoer na hulle oordeel.

Hiermee erken ek dat ek alles deurgelees het, of aan my gelees en verduidelik is, en dat ek alles verstaan. Ek is die kans gegun om vrae te vra, en enige vrae wat ek gevra het is aan my beantwoord en aan my verduidelik.

Ek verstaan dat medikasie nie n presiese wetenskap is nie, en ek verstaan dat daar geen waarborge kan wees met die eindresultate nie.

Met die inagneming daarvan, versoek ek dat Dr.PJ Geyser en sy kollegas/assistente met die chirurgie kan voortgaan.

Handtekening:_____ Datum:_____

Getuie: _____